LAEVELD AGROCHEM

Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

AREA: Weskaap (Piketberg, Riebeeck Kasteel, Paarl, Wellington)

Bertie de Wet

Bertie het op Hoopstad in die Vrystaat groot geword. Sy ouers het daar 'n gemengde boerdery met mielies, grondboontjies, sonneblomme, skape en beeste bedryf. Hy het in Bloemfontein skoolgegaan en is die oudste van vyf broers, waarvan twee op 'n jong ouderdom oorlede is. Nadat hy vir twee jaar weermag toe was, het 'n lang "loopbaan" as student gevolg. Hy het drie seuns – Miko, Paul en Kristiaan, en hulle volg ook in sy spore in die landboubedryf.

Hy het aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en het in 1983 'n B Agric-graad en in 1985 'n B Econ-graad verwerf. Hierna het hy in 1993 'n Senior Bestuursdiploma aan die Universiteit van Stellenbosch se Bestuurskool voltooi en sy CropLife (AVCASA)-kwalifikasie in 1990 verwerf. Bertie se hoof fokus was vir baie jare op dieregesondheid, voeding en reproduksie gewees.

Dié gebore Vrystater is versot op visvang en het selfs deeltyds vis gevang om vir sy studies te betaal. Hy speel ook graag gholf, maar kom min daarby uit, verder ondersteun hy sy seuns se sportaktiwiteite en hou daarvan om Nasionale Parke te besoek en mooi foto's te neem.

Hy het 'n afkeer aan windpompe en plaasdamme oor al die moeilikheid wat dit hom al in die verlede gegee het – gebore uit sy Vrystaat-dae, toe daar gewoonlik oor naweke 'n stukkende windpomp, waterpyp wat lek of pype wat in die boorgat afval, was. Tog neem hy graag foto's van windpompe.

Bertie se werk is gefokus op die Piketberg-, Riebeeck Kasteel-, Paarl- en Wellington-gebied, asook enige plek waar 'n geleentheid voorkom. Hy is nou besig om sy tegniese kennis te verbeter, en gebruik die groot hoeveelheid kennis wat in die Laeveld Agrochem-groep beskikbaar is. Gewasse waarop hy fokus, is tafeldruiwe, sitrus, tamaties en komkommers.

Volgens Bertie is die wêreld waarin 'n agent beweeg uiters kompeterend. "Die finansiële implikasies is vir my sekondêr – dit is die resultaat van 'n aantal faktore wat in plek val. Ek het lankal my visie verander en glo dat die kliënt altyd reg is. 'n Gesonde balans tussen goeie diens, goeie produkte en uitstekende verhoudings met kliënte maak vir volgens my 'n reuse verskil." vertel hy.

GEWASSE: Tafeldruiwe, sitrus, tamaties en komkommers.

AANBIEDING: Oes-beskerming, plantvoeding, presisiedienste, dieregesondheid, FMSolutions (Fuel Management Solutions)

Vir professionele advies: Tel: 082 784 5615 E-pos: bertie@laeveld.co.za

Saam boer ons vooruit - Farming together for success